

# trinitas

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.  
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

## 1 Verlos

**SONDAG, 6 SEPTEMBER 2015**

**OGGEND 09:00**

### Die oop aanbod van God

Vanoggend is 'n Klassisruildiens. Ons verwelkom ds. Johan Schutte van Sasolburg-gemeente wat die oggenddiens lei.

**AAND 18:00**



### ROEPING!

Waar wil Jesus jou gebruik? Hoe wil Jesus jou gebruik?

Ons het die afgelope paar weke baie geleer oor gawes – die gereedskap wat jy het. Vanaand wil ons in 'n werkwinkel ontdek waarheen Jesus jou dan roep met jou gawes. Wat is jou gawes, jou passie, jou geleentheid en jou visie van jouself? Hierdie bestanddele saam help jou om jou roeping te ontdek... dit waar Jesus jou nou roep om vir Hom te werk. Ons gaan hierdie dinge bietjie verken, 'n vormpie invul en in gesprek met ander nader kom aan duidelikheid oor waar en hoe Jesus jou op die oomblik wil gebruik.

Preke beskikbaar in klank en teks by: [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Dinsdag, 8 September**


Bybelstudie 19:00

**Woensdag, 9 September**

Bybelstudie 09:00

**Vrydag, 11 September**

Manne-oggend 05:30



## 2 Familie

### LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Malinda Hennop (Gerhard 0833064040) is die afgelope week oorlede. Ons dink aan Gerhard en sy familie. Die troosdiens was reeds Vrydag.
- Doris Coetzee (0828205604) gaan môre vir 'n operasie in Emf. Medi-Clinic.
- Kobus Bester (0837640063) is steeds in Morningside kliniek.
- Toekie van Wyk (0797766550) het die afgelope week 'n operasie ondergaan.
- Jorien Duminy (0845511686) en Lieke Visser (0791208620) se moeder is in Wilgers hospitaal opgeneem met longontsteking.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.**

### VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

06/09	Malinda Pieterse	☎0712353575
07/09	Desiree Griffiths	☎0785532868
07/09	Coenraad Labuschagne	☎0733556327
07/09	Pieter Markram	☎0848676990
07/09	Ben Swart	☎0785532868
07/09	Elra Viljoen	☎0832596891
08/09	Yolande Booysen	☎0827161909
08/09	Elsabé Cilliers	☎0825622982
08/09	Delina Hennop	☎0834566760
08/09	Sharmain vd Linde	☎0767346889
08/09	Wilna Wiesner	☎0823254779
09/09	Dries vd Walt	☎0843359586
09/09	Lena van Wyk	☎0732034305
09/09	Carin Viljoen	☎0834077234
09/09	Trevor Wiesner	☎0828563032

10/09	Tristan Coetzee	☎0715367327
10/09	Ben du Plessis	☎0825057039
10/09	Bettie Lourens	☎0169322474
10/09	Lettie Scholtemeyer	☎0721168877
10/09	Marisca Visser	☎0832477499
11/09	Jurg Basson	☎0734326928
12/09	Rhona Greeff	☎0824427577
12/09	Mariaan Peters	☎0829019005
12/09	Charl Poolman	☎0833047631
12/09	Leandré Roos	☎0823353539
12/09	Annusca vd Merwe	☎0713253575

### **SPEZIALE VERJAARSDAE**

9 Sep. Lena van Wyk, 97 jaar.

10 Sep. Ben du Plessis, 84 jaar.

### **HUWELIKSHERDENKINGS**

8 Sep. Hennie en Jorien Duminy, 31 jaar.

8 Sep. Japie en Elsabé Muller, 25 jaar.

10 Sep. André en Rochelle Moolman, 21 jaar.

### **ATTESTATE/BEWYSE**

Word afgekondig

### **BYBELSTUDIES**

Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.

Dinsdagaande om 19:00 (Carterstraat 16).

### **NUWE LIDMATE**

Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

### **HUISBESOEKVORMS**

Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie**

**wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die kerk se hoofingang.



### **ORRELBEGELEIDING**

09:00 – Nannes van der Walt

### **OUDERLINGE AAN DIENS**

06/09 – Corrie Botha en Gert Visser

13/09 – Hardus Visser en Floors Coetzee

### **DIAKENS AAN DIENS**

06/09 – Erik Smid en Lieke Visser

13/09 – Rineke Visser en Marie Oliver

### **KOSTER AAN DIENS**

06/09 – Theuns Odendaal

### **DATABORDDIENS**

Behartig deur die Tegniese span.

### **KOLLEKTES**

**Onder die erediens vir die Diakonale Kas**

06/09 – SAVF Shelter

13/09 – DCMA-fonds

### **ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS**

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

## **OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD**

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

## **GEHOORAPPARATE**

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

## **TEESKINK**

Vanoggend skink Anette van der Walt se groepie. Sondag 13 September skink Ita Schrap se groepie. Gretha van Wyk, 0764688963, is die sameroeper van hierdie diensgroep.

## **KLEUTERKERK**

Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammass van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

## **MEDEWERKERS**

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Iemand sal jou binnekort kontak. Die wykslyste is in die saal teen die wit muur opgeplak en die betrokke ouderling word daarop aangetoon. Kontak gerus jou ouderling of Alan Brotherton, 0834685243, met enige vrae.



**DIE HELPER** is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee

kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir lidmate wat bv. verswak het, bejaard is of dames wat enkellopend is. Neem gerus die vrymoe-digtheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak André Smith 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

## **KRUIDENIERSWARE BENODIG**

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **(Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis – Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)**

## **DR. FRANS MINNIE**

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes**. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by:  
FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04,  
Takkode: 250-945.



## **EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS**

**Oorsig** September 1995 het 'n groepie lidmate Koningskinders op die beginsels van ds. Stavast, die stigter van dié Gereformeerde Stigting, in

Vanderbijlpark begin. Verskeie sulke evangelisasie-organisasies bestaan landswyd. Elkeen ontwikkel outonoom, maar die Bybelse opdrag en voorbeeld wat ons uitdra, bly sentraal. In ons geval werk ons met arm en getraumatiseerde kinders, van 5 tot 13 jaar oud, hoofsaaklik in die CW5 en 6 area, wat Jesus Christus nie ken nie. Elke betrokke persoon of groepleier doen dit na-ure in sy vrye tyd of verlof en doen dit uit eie keuse, sonder om enigiets terug te verwag. Elkeen saai, ongeag die omstandighede, in die wete dat die Heilige Gees op God die Vader se tyd sal roep.

**Wat doen ons?** Ons doel is om deur betrokkenheid die spiraal te breek waar kinders blindelings hulle ouers se voorbeeld volg in lewenshouding en in lewensverwagting. Ons probeer deur ons betrokkenheid en programme elke kind beter ontwikkel en vorm. Ons probeer om wêreld vir hulle oop te maak en hulle denke te stimuleer om sodoende 'n beter gemeenskap te help ontwikkel. Ons probeer om die oorsprong van trauma in hulle lewens so klein as moontlik te maak en ons leer hulle om op ons enigste Saligmaker, Jesus Christus te vertrou. Die huidige uitreik bestaan uit 'n hulp-program, kampe en spesifieke aksies. Die hulp-program gebeur deurlopend, met gekeurde kinders vir die verskeie aksies. Maandae doen ons wiskunde, Dinsdae is huisbesoek, Donderdae lees ons en doen breinstimulasie, een maal per maand op 'n Vrydag doen ons drama-afrigting, Saterdag doen ons een maal per maand handwerk. Verder help ons met individuele versoeke soos

byvoorbeeld take. Gedurende die jaar kamp ons 'n langnaweek met 6 tot 10-jariges en gedurende die Desember-vakansie kamp ons met die 10 tot 13-jariges. Die program is vol en elke minuut van die dag word beplan om elke faset van menswees en groei (fisies, geestelik, intellektueel, ens.) te ondersteun en te ontwikkel. Elke kind ontvang drie etes en drie snacks per dag. Tydens 'n normale kamp 'n alle-mintige 200 etes per dag en ook nog 200 snacks per dag. Die kampe is harde werk, maar na elke kamp weet ons altyd dat dit oor en oor die moeite werd is. Fondasies word gebou, kinders se gedrag word gerig, kinders word waardes, maniere en baie ander dinge geleer. En Jesus se naam word groot-gemaak en geprys tussen alles deur. Spesifieke aksies word geloods om die kinders te ondersteun soos skryfbehoeftes, veral aan die begin van elke jaar, maar ook gedurende die jaar, kussings en komberse vir die winter, handdoeke, klere en skoene tydens die kampe, kos-pakkies waar nodig, Kinder-bybels en enige ander huishoudelike behoeftes wat bestaan. Dit is hartverskeurend om te sien dat kinders flenter handdoeke, klere en onderklere met mekaar moet deel. Baie het nie 'n ordentlike paar skoene nie.

**Dankie!!** Die uitreik na kinders in nood kan nooit werk sonder die nodige gebede en ondersteuners nie. So 'n projek kan geen mens alleen doen nie en daarom dank ons Hom vir die bevoegde en gewillige persone wat as 'n totale span die groot verskeidenheid van werk behartig. Ons bedank ook graag die kerkraad wat elke jaar vir ons

die bus vir die Desember-kamp betaal. Die diakonie vir die voorbereiding en aankoop van die kospakkies, klere en handdoeke. Elke persoon wat fondse beskikbaar stel; persoonlik, tydens nagmaal of d.m.v. die blikkieprojek. Sonder hierdie fondse kan ons nie die werk volhou nie, want dit bepaal uiteindelik die hoeveelheid werk wat ons kan doen. Dankie ook aan die persone wat insamelings koördineer, die lidmate betrokke by die kampe en die lidmate betrokke by die hulp-programme. Ons kan op ons arbeid niks terugverwag nie, want dit is God alleen wat elkeen se hart kan deurgrond en elkeen wat deelneem, hoe klein of hoe groot ook al, sal seën volgens sy baie Bybelse beloftes. Baie dankie dat ons namens julle, die gemeente, en al die ander bydraers, die dankbaarheid en drukkies mag ontvang en die werk van die Heilige Gees oor en oor mag beleef.

**Is dit die moeite werd?** Na elke funksie of kamp getuig die groep-leiers dat hulle gekom het om iets van hulself aan die kinders te gee, maar dit was hulle wat geleer het, beleef het, en met 'n veranderde gesindheid God voortaan wil dien. Elkeen betrokke, kinders en groepleiers, word geraak op 'n besondere wyse. Ons beleef dat ouers die Kinderbybel (bybel@kinders van Hennie Stander en ander) saam met hulle kinders begin lees. Voorheen het ons 1983-vertaling Bybels voorsien, maar omdat hulle nie daarmee groot-geword het nie verstaan hulle dit nie. Die Kinderbybels maak 'n groot verskil in baie gesinne se lewe. Net soos die Here sê eer jou vader en jou moeder ongeag hulle tekortkominge, sê die

Here ook dat ons armes en hulle wat minder as ons het moet help en versorg ongeag wie hulle is. Bid asb. saam met ons vir goeie oordeel in soms moeilike besluite, vir die bereidheid om sy naam bo alles uit te dra, en vir die werking van die Heilige Gees waar en wanneer dit sy wil is. Nogmaals 'n groot dankie aan elkeen. Philip, 0834681035, Anne-Marie, 0798756743, Christa, 0798779882 en al die groepleiers.

### **ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR**

"Naina en Fafa is sendelinge in Madagaskar wat ons ondersteun. Hulle het pas begin met hulle Bybelskool! Bid asb. vir hulle volharding en ander behoeftes met so 'n nuwe projek." Op *Facebook* "Naina, Fafa and Mirado". Indien jy 'n bydrae wil lewer: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748.



**Kontakpersoon:**  
Hardus Visser,  
0828215642.

### **KINDERSORG PIKININI WINTERPROJEK**

Die Pikinini Winterprojek se doel is om ongeveer 460 pleegsorgkinders en 800 inloop kinders toe te draai in iets warm vir die winter. Finansiële bydraes word gebruik vir die aankoop van 'fleecy' lap @R25/m waaruit 4 serpe gemaak word. Die projek loop regdeur die jaar en alle bydraes word in Meimaand by Kindersorg uitgedeel. Kindersorg beplan 'n formele bal vir 10 Oktober 2015. Meer inligting volg later. Groete: Jackie Kleynjan.

## LOTUSLANDERS

Die volgende byeenkoms vind plaas op **8 September** 2015 om 09:30. 'n Laat ontbyt sal geniet word by Candle in the Wind, Colosseum Sentrum, SW5, Deliusstraat. Die gasspreker is dr. Susan Coetzee van Rooy wat sal praat oor 'Ons geliefde taal Afrikaans en die moderne nuwe generasie Afrikaanssprekendes'. Almal is hartlik welkom. Aangesien dit naby is, sal die kombi **NIE** ry nie. Gee jou naam deur teen Sondagaand, 6 September nie. SMS of whatsapp Babsie Jacobs 0836505227 of Koos Jacobs 0839868135.



## BELANGRIKE DATUMS VIR SEPTEMBER

- 8 Sep. Lotuslandersbyeenkoms
- 12 Sep. Klassisvergadering
- 24 Sep. Erfenisdag
- 25 Sep. Skoolvakansiedag

## GKSA NUUS

### OP DIE KENNISGEWINGBORD

- FEBA Radio
- Geopende Deure; *opendoors.org.za*
- GKSA Jeugkantoor nuus
- Transoranje fondsinsamelingsprojekte
- Nasionale Biddag vir Dowes 6 Sept.
- Vrede wink in Suid-Soedan, maar...
- Cross Courier – splinternuwe Engelse jeugtydskrif van die GKSA
- Kerkgroeibediening, webwerf en Facebook
- Jeugkongres, Potchefstroom 27-28 Okt.

## ALMANAK 2016

Bestellings vir 2016 se Almanak kan by die Welkomhoekie in die saal opgeskryf word. Koste: R70/eksemplaar.

## KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA ([www.kruispad.net](http://www.kruispad.net)). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.

Kostes: R116 (gedruk)/R85 (elektronies).

Stuur 'n e-pos aan [kantoor@kruispad.net](mailto:kantoor@kruispad.net) indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

## PROJEK: HARTKLOP (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)

Ons wil met hierdie projek ons kinders aangryp en aanspoor om op 'n klein, maar beduidende manier, met sente, kinders met gestremdhede te help. Plakkers word tydens katkisasie uitgedeel. Plak dit om jou bottel/blikkie, vul dit met jou sente, en bring dit terug vir Theuns Odendaal teen einde September. (Enige lidmaat is ook welkom om aan hierdie projek deel te neem.)

## PROJEK: FOTOMUUR

'n Projek word geloods om die geskiedenis van die voormalige Vanderbijlpark gemeentes saam met dié van Trinitas gemeente in 'n foto-tydlyn uit te beeld. Enige foto's wat hierdie geskiedenis vertel, is welkom! Kontak gerus vir Rineke Visser, 0718878260, met enige vrae. Elektroniese foto's kan aan die kerkkantoor gestuur word en fisiese



foto's kan Sondae ingehandig word by die ouderling aan diens. Laasgenoemde moet asb. 'n duidelik gemerkte koevert wees. Groete: Toekomsspan

### **KALENDER 2016**

Inligting wat op volgende jaar se kalender aangebring moet word, kan per e-pos aan die kerkkantoor deurgegee word.

### **BYBELS EN PSALMBOEKE**

Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat

wil, kan nog Bybels en groen Psalmboeke skenk en op die tafel plaas vir erediensgebruik.

### **STAMROOSSTAANDERS**

Baie dankie aan elkeen wat 'n stamroos geskenk het of 'n donasie gegee het. Ons kort nou 8 stamroosstaanders om die rose regop te hou. Kontak Daan Smit, 0835896185.

### **UITSTALLING IN VOORPORTAAL**

Lees gerus die verduideliking rondom die uitstalling op die borde in die voorportaal.

#### **KONTAK ONS**

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



GKTrinitas

#### **Kerkkantoor:**

Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

#### **Kerkkantoor tye:**

Maandag tot Donderdag

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

#### **Skriba:**

Gerrit van Wyk 0823328550

#### **Kosters:**

Theuns Odendaal 0832561387

Elsa Prinsloo 0794778699

#### **Orrelis:**

Nannes van der Walt 0833041841

#### **Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas

ABSA Tjekrekening 530340449

#### **Predikant:**

Griffel van Wyk

☎ 0169324615 / 0823543726

**Adres:** Ogilviestraat 6, SE2

Vanderbijlpark

**e-pos:** griffel@gktrinitas.co.za



# **ROEPING!**

- Gawes + passies + geleenthede + visie = ROEPING
- Kom ontdek VANAAND 18:00 waarheen Jesus jou roep